191.T.2 (10)

# DIE UNIVERSITEIT EN SY TAAK

Deur

PROF. DR. H.B. THOM
Rektor, Universiteit van Stellenbosch

(Referaat gelewer op die Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Stellenbosch, 26 Julie 1956, na aanleiding van die grondtema van die Jaarvergadering: Die Behoud van Geestelike Waardes in Suid-Afrika.)

Graag wil ek die Akademie van harte gelukwens met sy besluit om op hierdie Jaarvergadering aan die grondtema, Die Behoud van Geestelike Waardes in Suid-Afrika, aandag te skenk. In die tyd waarin ons leef, het hierdie onderwerp immers van die allergrootste betekenis geword.

Daar is mense wat meen dat ons sedert die Eerste Wêreldoorlog, maar meer bepaald sedert die Tweede Wêreldoorlog, 'n nuwe tydperk in die Geskiedenis ingegaan het. Hulle huldig die beskouing dat die tydperk van die Nuutste Geskiedenis, wat deur die Franse Rewolusie ingelui is en veral deur die demokratisering van regeringstelsels en die opbou van groot Ryke gekenmerk is, met hierdie Wêreldoorloë ten einde geloop het. Hulle meen dat daar 'n nuwe tydperk aangebreek het, waarin intense kragte, met groot trefkrag en verbreiding, die mens geestelik só radikaal en diepgaande beïnvloed het dat die mens - of liewer groot menslike samelewings - vandag in hoë mate anders daaruit sien as in die vorige tydperke van die Geskiedenis. Hulle meen dus dat daar voldoende rede bestaan om van die begin van 'n nuwe geskiedkundige tydperk te praat.

Gebonde aan tyd en plek, en dus uiteraard subjektief, vind ons dit onmoontlik om oor die juistheid al dan nie van hierdie beskouing 'n kategoriese uitspraak te gee. Dit staan egter vas dat daar vandag enorme kragte aan die werk

is. ......./2

is. Ten gevolge van nuwe uitvindinge is afstande soseer vernietig dat 'n reis om die aarde, wat 'n eeu gelede nog 'n paar maande in beslag geneem het, vandag in enkele dae voltooi kan word. In die afgelope kwart-eeu is verwoestende kragte ontketen, waarvan die mensheid vroeër nie gedroom het nie. Owerigens is sulke ingewikkelde prosesse op verskillende terreine in die werk gestel, dat daar gevrees word dat die mens weldra nie meer in staat sal wees om sy skeppinge in toom te hou nie. Dit alles is tot 'n groot mate deur 'n gees van materialisme veroorsaak, maar dit het vervolgens ook weer die gees van materialisme verder verskerp.

Dit is enkele hooftrekke van die wêreldbeeld wat ons vandag om ons sien, en - te meer omdat afstande in hoë mate vernietig is - staan Suid-Afrika geensins los van hierdie wêreldbeeld nie. Inteendeel, ons staan in die midde daarvan. As 'n jong land is Suid-Afrika, net soos ander jong lande, miskien nog selfs veel meer onder die invloed van die heersende materialisme as die ouer lande, waar kuns en kultuur en tradisie hegter gevestig is en dus sterker teenstand bied.

Waar ons ons nou oor die vraag van die behoud van geestelike waardes besin, en op die taak van die Universiteit in verband daarmee wil let, is dit goed dat ons ons eers afvra wat ons presies onder die <u>Universiteit</u> verstaan. Van hierdie begrip is daar al tal van definisies gegee, en sommige daarvan is inderdaad baie uiteenlopend.

Ons kan saamstem met wat 'n voormalige President van die Universiteit van Yale, James Rowland Angell, enige jare gelede geskryf het: „Coming out of an obscure past, universities have always eluded precise definition, and never more so than today." Angell het dit egter nie daarby gelaat nie; hy het voortgegaan en van universiteite gesê:

„They represent the embodiment in each nation of its highest ideals of scholarship. They afford a recruiting ground for its men of learning." 'n Duitse Minister van Wetenskap, Kuns en Onderwys, C.H. Becker, het verklaar dat hy in die Duitse universiteit sien: „eine Art von Gralsburg der reinen Wissenschaft. Ihre Ritter vollziehen einen heiligen Dienst; vom Heiligtum zu allerlei wissenschaftlichem Dienst entsandt, durchwandern und durchforschen sie die Welt." Die bekende John Henry Newman van Oxford het verklaar: „A University is a place where enquiry is pushed forward and discoveries perfected and verified, and rashnesses rendered innocuous and error exposed by the collision of mind with mind and knowledge with knowledge." En Theobald Ziegler, bekende skrywer oor universiteite en universiteitstudie sowat dertig jaar gelede, het weer na minstens sekere universiteite verwys as „wirklich ein rechtes Professorenparlament, mit dem ganzen Doktrinarismus, aber auch mit dem ganzen hohen und stolzen Idealismus eines solchen."

Watter definisie ons ook al van die Universiteit voorstaan, en of ons dit nou figuurlik wil stel soos Becker, of suiwer saaklik soos John Henry Newman, minstens twee elemente sal seker, volgens ons gewone beskouing, altyd prominent daarin terugkeer: die Universiteit is 'n onderwysende inrigting in welke hoedanigheid hy sorg vir die verspreiding van kennis; en die Universiteit is 'n navorsingsinrigting in welke hoedanigheid hy vir die ontdekking van nuwe kennis sorg. Aan hierdie twee groot sye van die Universiteit se werk en betekenis is daar 'n menigte fasette, wat by verskillende universiteite, afhangende van hulle besondere omstandighede, soos historiese grondslag, geografiese ligging, kulturele agtergrond en spesiale studievelde, verskillend beklemtoon sal word.

As onderwysende of doserende inrigting het die Universiteit die taak om aan die studente wat hy tot sy poorte toelaat, kennis, insig en onderlegheid in verband met dié vakke toe te bring wat hy as geskikte studievelde ingevoer het. Hiervoor het die Universiteit leermeesters nodig: manne en vroue wat op hulle eie vakgebiede gepresteer het, wat geesdrif daarvoor besit en oor die gawe beskik om kennis op doeltreffende wyse aan ander oor te dra. Geesdrif en die gawe om mee te deel, moet hier beklemtoon word, want wetenskaplike onderlegdheid alleen, hoe belangrik dit op sigself ook al mag wees, is nog nie genoeg om 'n goeie leermeester te maak nie.

Die onderwys moet ook só gegee word dat dit nie net die student wat dit ontvang, op die oog het en ten goede kom nie, maar ook diegene wat later deur daardie student bereik sal word en deur hom gedien sal word. Met ander woorde die student wat die kennis opdoen, moet ook hulp ontvang en ervaring opdoen wat hom in staat sal stel om op sy beurt daardie kennis aan ander oor te dra. Aldus word die Universiteit die bron waaruit die samelewing geestelik gevoed en bevrug word en verrig hy sy taak nie slegs op regstreekse wyse in verband met sy studente nie, maar ook op onregstreekse wyse ver buite sy eie, fisiese grense.

Nou moet ons egter daarop let dat universiteite, en by name ons Suid-Afrikaanse universiteite, vandag iets heel anders geword het as wat die universiteite vroeër in die geskiedenis was. Om die gedaanteverandering te besef, kan ons maar net vir 'n oomblik aan die Middeleeuse universiteite dink. Die wetenskap wat dáár beoefen is, die Skolastiek, was 'n skoolse wetenskap wat hom veelal daarop toegelê het om die dogma van die Kerk tot middelpunt van sy studie te maak en die nodige bewysvoersing daarvoor te ~~vind~~ soek. Die soort probleme wat bestudeer en bespreek is, was probleme

wat los van die alledaagse lewe en die wêreld daarbuite gestaan het.

Ondertussen het egter groot, nuwe kragte opgekom: die Demokrasie het Staat en Kerk en Maatskappy deurtrek; die leer van die Vryheid van die Indiwidu het 'n geestelike vrymaking veroorsaak en 'n hele reeks van belangrike uitvindinge meegebring; en die Groot Kapitaal het op verskillende gebiede dramatiese gevolge gelewer. Al hierdie kragte het hulle invloed ook terdeë op en in die universiteite laat geld. Sir Walter Moberly skryf in sy Crisis in the University: „Since the heyday of Liberalism new influences are at work, and have acquired an enormous, and for many purposes a dominating, importance. These are the rise of applied science and technology and the growing democratization of the universities."

Die Universiteit hou hom vandag nie meer slegs met afgetrokke studies besig, wat vir die samelewing van weinig belang is of slegs 'n onderskraging van kerklike leer beoog nie. Die Universiteit, as onderwysende liggaam, lewer mense wat die samelewing op 'n groot verskeidenheid van terreine dien: as onderwysers, as regspraktisyns, as koerantskrywers, as sekretarisse, as rekenmeesters, as geneeshere, as skeikundiges, as siviele ingenieurs, as werktuigkundige ingenieurs, as elektrotegniese ingenieurs e.s.m. En dit is juis hierdie laasgenoemde, toegepaste of tegnologiese rigtings, wat aan ons universiteite groot opgang gemaak het.

Laat ons weer Moberly aanhaal. Wat hy in hierdie verband van universiteite in die algemeen sê, is tot 'n baie groot mate ook op ons Suid-Afrikaanse universiteite van toepassing: „It is hard to exaggerate the significance for the universities of the growth and achievements of

applied ........./6

applied science. It is not merely that the balance of studies has been altered and that large sections of staff and students are now engaged in training as engineers or in the many large-scale applications of chemistry which in the old days hardly existed and certainly found no place in a university curriculum." Ons universiteite van vandag - in teenstelling met die universiteite van vroeër - lei groot getalle mense op om die samelewing te dien, en te dien nie net op die terrein van die literatuur en die geesteswetenskappe nie, maar veral ook op die terrein van die toegepaste of tegnologiese wetenskappe.

Die vraag is al wel gestel of die vakke wat vandag aan ons universiteite gedoseer word, almal aan 'n universiteit tuishoort, en of daar nie van hulle is waarvan die inhoud, aard en toepassingsveld sodanig is dat hulle nie aan 'n universiteit gedoseer behoort te word nie. Die Holloway-kommissie, wat 'n diepgaande ondersoek na die universiteitswese in ons land ingestel het en 'n belangrike, indringende verslag daaroor in die lig gegee het, het bevind dat daar groot verskil van mening bestaan of vakke soos Huishoudkunde, Liggaamsopvoeding en Ballet aan 'n universiteit tuishoort, en die Kommissie het hierdie vakke, waar hulle aan universiteite gedoseer word, ook nie vir 'n subsidie van Staatsweë aanbeveel nie.

Die feit is egter dat daar vandag wel vir hierdie vakke aan sommige van ons universiteite voorsiening gemaak word, en dat die betrokke universiteite dus ook op hierdie gebiede mense lewer wat die samelewing dien. Ons merk vandag ook 'n groeiende neiging om hierdie vakke hulle plek aan die Universiteit te gee. Ek herinner my dat 'n Nederlandse professor, wat 'n aantal jare gelede op besoek in Suid-Afrika was, met skrik verneem het dat 'n vak soos

Huishoudkunde by ons aan 'n universiteit bestudeer kan word. Maar die merkwaardige feit is dat kort daarna aan die universiteit van daardie selfde Nederlandse professor reëlings getref is om Huishoudkunde as 'n vak in te voer, en aan my is meegedeel dat dit nou ook reeds gebeur het.

Kyk ons na die doseerwerk wat aan ons universiteite gedoen word, dan val dit ons dus op dat hulle - saam met die meeste ander moderne universiteite - volkome weggebreek het van die ideaal en patroon, wat so kenmerkend van die ou universiteite was, en dat hulle vandag, veral wat betref die onderwys in natuurwetenskaplike en tegnologiese vakke, veel meer in die diens van die samelewing staan.

Maar die Universiteit is nie net onderwysende inrigting nie; hy is ook navorsingsinrigting. Hy gee in die Wetenskap onderrig, hy vors ook in die Wetenskap na, en slegs op hierdie wyse kan hy die Wetenskap in sy volheid dien. Die Wetenskap is immers, soos sir Francis Bacon reeds verklaar het, ars inveniendi, d.i. die kuns om uit te vind, om in geestelike sin te ontdek. Die Universiteit is dus nie net tradisioneel en reproduktief nie; hy is ook produktief en soek steeds na nuwe waarheid. Die Universiteit gee nie net onderrig in die Wetenskap nie; hy beoefen ook self die Wetenskap, hy skep self Wetenskap. Sy manne en vroue, die Professore en Lektore, is nie net leermeesters nie, maar hulle is ook selfstandige, oorspronklike werkers op hulle eie gebiede.

Ons Suid-Afrikaanse universiteite het in hierdie opsig nie agterweë gebly nie. Dosente en senior studente lê hulle in toenemende mate op navorsingswerk toe, en deur middel van tydskrifte - tydskrifte van die Staat, van die universiteite self en van verenigings - en ook deur middel van afsonderlike publikasies kom hulle met die resultate van hulle navorsingswerk voor die dag. Op die gebied van

die Taalkunde, veral van die Afrikaanse taal; op die gebied van die Geesteswetenskappe soos die Geskiedenis, die Ekonomie, die Sielkunde en die Volkekunde; en op die gebied van die Opvoedkunde, het ons reeds aan 'n min of meer gereëlde oes van publikasies gewoond geword.

Gedurende die afgelope jare het ook die publikasies op natuurwetenskaplike en tegnologiese terrein sterk toegeneem. Die landboufakulteite aan die Universiteite van Stellenbosch en Pretoria het, veral uit die oogpunt van die Afrikaner en sy taal, in hierdie verband reeds omvangryke en waardevolle werk gedoen, en wanneer daar hopelik binne afsienbare tyd ook aan die Universiteit van die O.V.S. 'n landboufakulteit bestaan, sal Stellenbosch en Pretoria hiermee 'n bondgenoot kan verwelkom. Jongere fakulteite aan Afrikaanse universiteite, soos die ingenieursfakulteit op Stellenbosch en die geneeskundige fakulteit op Pretoria, het in die kort tyd van hulle bestaan in verband met navorsing ook reeds betekenisvolle kragte geword.

Die waarde wat daar op ons universiteite aan navorsing geheg word, blyk nie net uit die omvang en gehalte van die werk wat gedoen word nie. Ons sien ook dat by die aanstelling van nuwe dosente, veral Professore en Senior Lektore, navorsing en publikasies baie swaar weeg en dat dit in menige geval die beslissende oorweging was om 'n kandidaat sy aanstelling te besorg. Langs hierdie weg word binne-in ons universiteite die gesindheid, die geestesgesteldheid, gevoed wat vir navorsing noodsaaklik en bevorderlik is en die gehalte en omvang van die produkte van die navorsing versterk.

Die nuwe tyd waarin ons lewe, het ten aansien van die navorsingswerk van die Universiteit, net soos ten aansien van die onderwyswerk, sy spore duidelik afgedruk. Grotendeels ten gevolge van die vérreikende uitwerking van natuurwetenskaplike en tegnologiese navorsing, het navorsingswerk

'n nuwe en groter betekenis gekry. Die Staat het die feit aanvaar wat in die jongste oorlog so skrikwekkend tuisgebring was, nl. dat die welsyn van die Staat, en van die volk as geheel, in hoë mate met gespesialiseerde navorsing gemoeid is. Dientengevolge het die Staat spesiale masjinerie geskep, en ook groot somme begin spandeer, om navorsingswerk te koördineer, om kosbare navorsing te finansier en om navorsing in sekere rigtings te stimuleer.

In ons land is die Engelse voorbeeld in hooftrekke gevolg: die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing is gestig, wat hom besighou met navorsing in verband met Taal- en Letterkunde en die Geesteswetenskappe; en ook het die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad ontstaan, wat sy aandag op natuurwetenskaplike en tegnologiese navorsing toespits. Albei hierdie liggame stel dan, onder sekere voorwaardes, o.a. aan universiteite bedrae beskikbaar, waaruit dosente en senior studente vir hulle navorsingsprojekte en kleiner navorsing steun ontvang. Aan die waarde van hierdie twee liggame, en van die werk wat hulle doen, kan daar geen twyfel bestaan nie. Met die breë beleid van die Staat, nl. dat hy, aangesien hy groot bedrae aan navorsingswerk bestee, ook 'n sekere mate van beheer daaroor wil uitoefen, kan ook nie fout gevind word nie.

'n Mens moet hier egter teen 'n oordrewe simplistiese beskouing waak: die saak is nie so eenvoudig soos dit met die eerste oogopslag lyk nie. Die universiteite, wat deur middel van wette van die land in die lewe geroep is, en wat - in die belang van hulle werk en van die land - met 'n eie outonomie beklee is, het reeds jarelank navorsingswerk gedoen. Nou kom die Staat egter en, in plaas van gewoonweg onder die universiteitstoelaag aan die universiteite gelde beskikbaar te stel wat hulle self vir navorsingswerk kan aanwend, gee die Staat bedrae vir navorsingswerk oor

onderwerpe, en ..../10

onderwerpe, en ooreenkomstig metodes, wat die Staat goedkeur. 'n Mens hoef nie ver te dink nie om te besef dat die toestand 'n sterk moontlikheid van wrywing inhou. Alles hang daarvan af hoe die beleid in die praktyk ten uitvoer gebring word.

Wat die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing betref, het dit tot nou toe baie goed gegaan. Die Raad ontvang voorstelle van universiteite, hy win die menings van universiteite in, en in die Raad en sy komitees is die universiteite goed verteenwoordig. As aansoeke van dosente en studente om finansiële steun deur die Raad goedgekeur is, dan word die betrokke bedrae aan die betrokke universiteite oorbetaal, en die universiteite aanvaar die verantwoordelikheid om toe te sien dat die navorsing, ooreenkomstig die voorstelle wat hulle self gemaak het, uitgevoer sal word. Dit mag gebeur dat 'n universiteit nie van 'n beslissing van die Raad hou nie, maar die feit bly staan dat die Raad met die universiteite terdeë rekening hou, dat hy nie in hulle plek tree nie en, in verdienstelike gevalle, die navorsing van hulle dosente en studente steun.

Die W.N.N.R. het ook al uitnemende werk gedoen en aan ons universiteite waardevolle geldelike hulp verleen om kosbare en waardevolle navorsingswerk uit te voer. Die navorsingsvelde waarmee die W.N.N.R. te doen het, is egter heeltemal anders as dié van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing: dit is veel meer aan tyd en plek (bv. laboratoria) gebonde, en die instrumente en ander toerusting wat benodig word, is veel duurder.

Terselfdertyd ly dit geen twyfel nie dat die W.N.N.R., ten spyte van sy groot verdienstes, rigtings ingeslaan het wat die taak van die Universiteit soms moeilik maak. Met ruime Staatsteun het die W.N.N.R. afdelings opgebou en laboratoria toegerus, waarmee dié van die universiteite soms maar swak vergelyk. ......./11

vergelyk. Hy adverteer poste teen aantreklike salarisse, en bied op sekere gebiede fasiliteite aan wat die universiteite nie kan aanbied nie. Aldus word van die beste kragte weggetrek van die universiteite, die universiteite wat juis die beste kragte moet behou om die land, en ook die W.N.N.R. self, te dien. As navorsingsposte geadverteer word, soos onlangs gebeur het, word bygesê dat by die W.N.N.R. „'n beperkte getal doktorstudente opgelei" word, en die navorsingswerk wat sulke studente daar doen, kan dan vir 'n tesis gebruik word. Daarteenoor word dit nie van bekleërs van navorsingsassistentskappe aan die universiteite, waarvoor die W.N.N.R. die fondse voorsien, verwag om die werk wat hulle doen, terselfdertyd vir 'n proefskrif te gebruik nie. Weliswaar is die W.N.N.R. geen universiteit nie en kan hy self geen grade toeken nie, maar dis nietemin duidelik dat hy tot 'n sekere mate in die plek van die Universiteit tree en die Universiteit aldus op die betrokke gebied gedeeltelik verdring.

Daar is nog verskeie ander belangrike punte in dieselfde verband, maar dis hier nie die tyd en die plek om in meer besonderhede daarop in te gaan nie. Ek konstateer net dat die W.N.N.R., ten spyte van sy ontwyfelbare waarde - ja selfs noodsaaklikheid - vir ons land, 'n stadium bereik het waar hy hom ernstig moet afvra of hy nie, tot nadeel van 'n gesonde vooruitgang van natuurwetenskaplike navorsing, teveel op die terrein van die universiteite gekom het nie.

Kyk ons hoe daar in 'n groot, vooruitstrewende land soos die V.S.A. te werk gegaan word, dan het ons des te meer rede tot nadenke. In die V.S.A. is daar geen algemeen-erkende parallel van ons W.N.N.R., of die Britse D.S.I.R. nie, en is dit die aanvaarde beleid van die Regering om navorsing nie uit die hande van die universiteite te neem nie, maar om hulle soveel moontlik - en met baie groot somme - hiermee te help. En dit is juis in

hierdie land waar die grootste en opvallendste vordering op die gebied van natuurwetenskaplike navorsing gekom het; aan 'n universiteit, die Universiteit van Chicago, is hier, met ruime Staatsteun, bv. die opspraakwekkendste en deurslaggéwendste navorsing in verband met die Kernfisika gedoen.

Hoe dit sy, navorsingswerk is, naas doseerwerk, een van die vernaamste take van die Universiteit, en dit is noodsaaklik dat ons universiteite steeds meer en beter vir hierdie taak toegerus sal wees. Dit is nie die taak van die een of ander van ons universiteite nie, maar van <u>almal</u>. Want dit is op die universiteite dat die beste brein op baie gebiede byeen is, en dit is hier dat die beste brein van ons jongmense saamgetrek word wat die belowendste potensiaal vir die toekomstige ontdekking van nuwe waarhede bied. Slegs wanneer al die universiteite saamstaan om hierdie potensiaal tot volle ontwikkeling te bring, kan ons die grootste en blywendste vrugte daarvan pluk.

Afgesien van onderwys en navorsing, is daar egter nog 'n ander vername sy van die taak van die Universiteit. 'n sy wat in die verlede dikwels grotendeels uit die oog verloor is maar wat vandag deur baie universiteite sterk beklemtoon word. Daar word nl. gevoel dat die Universiteit, as hy aan studente onderwys gee en hulle vir sekere werkkringe in die samelewing oplei, en ook as hy navorsingswerk verrig en bydraes tot die kennis op sekere gebiede lewer, hoe belangrik en vérreikend hierdie funksies ook al mag wees, nog nie genoeg doen nie. Daar word ook gevoel dat 'n student in sy studies miskien baie goed mag presteer, dat hy op die onderwys wat hy ontvang, uitstekend mag reageer, en dat hy deur sy navorsing hom nog verder op sy vakgebied mag bekwaam, sodat hy op sy beurt 'n goeie leermeester sal wees en ook suksesvolle navorsing sal doen. Maar

terselfdertyd ...../13

terselfdertyd word besef dat daaruit nog glad nie volg dat so 'n student 'n ewewigtige mens, 'n leier in die maatskappy, sal wees nie. Wat is dit dan wat die Universiteit nog moet doen, en wat nog in die studieloopbaan van hierdie student ontbreek?

Ons kom hier by die sy van die Universiteit se taak wat uiters moeilik is om te definieer. 'n Mens voel dit aan, en jy maak jou ook 'n voorstelling daarvan, maar jy kan dit nie maklik in woorde bring nie. Ons kan dit miskien só uitdruk: dat die Universiteit, naas die onderwys wat hy gee, en die navorsing wat hy uitvoer, ook geestelike bouwerk moet doen; dat hy die verantwoordelikheid moet aanvaar om, sover dit vir hom doenlik is, ook die karakter van sy studente te vorm en hulle tot ewewigtige kultuurmense te maak, sodat hulle later ware leiers in die samelewing sal kan word.

Die belangrikheid van hierdie punt word deur baie gevoel, en veel is ook al daaroor geskryf. Dr. E.W. Hofstee het bv. nog onlangs in die tydskrif <u>Universiteit en Hogeschool</u> o.a. van die ware wetenskapsmens gesê dat „zijn wetenschappelijke vorming in zijn gehele persoonlijkheid is geïntegreerd." C.H. Becker, reeds hierbo aangehaal, het weer, met verwysing na sekere verskynsels in die Duitse volkslewe, geskryf: „Das Grundübel ist die Überschätzung des rein Intellektuellen in unserer Kulturbetätigung, die ausschlieszliche Vorherrschaft der rationalistischen Denkweise, die zum Egoismus und Materalismus in krassester Form führen muszte und geführt hat." Sir Walter Moberly het weer die geval aangehaal van 'n hooggeplaaste amptenaar in die Britse staatsdiens, wat verklaar het: „I can get any number of men with 'First Classes,' but what I want and find it hard to get, is 'round' men."

Ek is my ...../14

Ek is my bewus daarvan dat daar verskil van mening oor hierdie derde sy van die taak van die Universiteit kan bestaan. Daar is universiteite wat meen dat die taak van die Universiteit slegs is om onderwys te gee en navorsingswerk te doen, en nie om hom met die geestelike vorming en karakterbou van sy studente besig te hou nie. Daar is ander universiteite wat nie hierdie beskouing as sodanig huldig nie, maar wat eenvoudig nie die moeite wil doen en die koste wil aangaan om so 'n beleid te volg nie. Dit is immers nog altyd baie makliker, en goedkoper, vir 'n universiteit om net in die klaskamer en die laboratorium te werk, en die studente owerigens aan hulleself oor te laat.

As ons by ons eie universiteite kom, dan lyk dit of daar geen twyfel oor kan bestaan nie, dat geestelike bouwerk en karaktervorming by hulle 'n belangrike deel van hulle taak behoort te wees. Ons het 'n jong land met groot moontlikhede vir die toekoms, en ons het 'n klein blanke bevolking teenoor 'n groot meerderheid van nie-blankes. Dit is duidelik dat ons, as ons dit enigsins kan help en waarlik die belange van die beskerming in Suid-Afrika wil dien, geen blanke jong man of jong vrou, wat redelike begaafdheid besit, kan ontbeer nie. Hiermee sal die universiteite kragdadiglik kan help as hulle nie net aan onderwys en navorsing aandag te wy nie, maar ook aan geestelike leiding en karakterbou. Op dié wyse sal hulle daarin kan slaag om nie net geleerde mense te lewer nie, maar ook mense van karakter, ware leiersmense.

In ons land is aan die Universiteit van Stellenbosch in die jongste jare stoutmoedige baanbrekerswerk in hierdie verband gedoen. Die Universiteit het spesiale aandag aan sy eerstejaar-studente geskenk: deur hulle in aparte koshuise onder die toesig van inwonende hoofde en gekeurde senior studente-raadgewers te plaas, het die

Universiteit spesiale pogings aangewend om hulle in staat te stel om die stap van die Skool na die Universiteit met welslae te doen. Ook met ouers is daar in verbinding getree, en o.a. word hulle van tyd tot tyd oor die vordering van hulle seuns of dogters aan die Universiteit ingelig. Owerigens is daar 'n baie noue voeling tussen dosente en studente en word daar getrag om soveel as moontlik indiwiduele aandag aan studente te skenk. Die nuwe planne het natuurlik heelwat koste meegebring: om vir inwonende hoofde, vir studente-raadgewers en vir administratiewe werk behoorlik voorsiening te maak, het die Universiteit in die afgelope drie jaar ongeveer £6,000 per jaar gekos, en die Universiteit kry hiervoor geen subsidie van die Regering nie, sodat hy elke pennie daarvan self moes vind. Die Universiteit is egter oortuig daarvan dat dit, ten spyte van moeite en koste, beslis die moeite werd is om hierdie werk te doen, want hy meen dat hy daardeur kan help om aan Suid-Afrika meer as net geleerde mense te gee.

Nie slegs Stellenbosch nie, maar ook ander universiteite werk vandag in hierdie rigting. Die stelsel van eerstejaarkoshuise is ook reeds aan die Universiteit Rhodes ingevoer, terwyl die Universiteit van die O.V.S. in dieselfde rigting gaan en ander universiteite – soos ons verneem – met hulle eie planne besig is om dieselfde groot oogmerk te bereik.

Dit was my voorreg om 'n halfjaar gelede van naby gade te slaan wat aan Amerikaanse universiteite in verband met hierdie saak gedoen word, en 'n mens staan werklik verbaas as jy sien wat daar bv. aan die Universiteite van Yale, Princeton, Harvard en Stanford in hierdie rigting gebeur. Soveel soos hulle doen, sal ons - vanweë 'n gebrek aan fondse en personeel - seker nie gou kan doen nie. Maar dis in elk geval verblydend om te weet dat ook ons eie universiteite - al is dit dan met kleiner fondse - daarna strewe

om, naas ..../16

om, naas die verstand, ook die hart van die student te bereik en te vorm.

In die volvoering van sy taak kry die Universiteit vandag met ernstige moeilikhede te kampe. Vanweë die groot aanvraag wat daar na goed-opgeleide, wetenskaplike mense buite die Universiteit bestaan, kry die universiteite swaar om die beste kragte te trek en te behou: salarisse daarbuite is op sommige terreine op so 'n peil dat die Universiteit eenvoudig nie met die betrokke werkgewers kan konkurreer nie. Nou kan natuurlik wel gesê word, en heel tereg ook, dat die universiteitsdosent nie 'n materialis moet wees en na geldelike voordeel moet kyk nie. Maar hieraan is daar ook grense. Dit kan seker nie verwag word dat die universiteitsdosent, in die huidige tyd van lewensduurte, tevrede sal wees om met sy huisgesin 'n sukkelbestaan te voer, terwyl hy buite die Universiteit met gemak 'n veel fatsoenliker bestaan kan vind nie.

Hierdie vraagstuk het in sommige vakke vir ons universiteite werklik 'n krisis-stadium bereik: poste word by herhaling bv. in die Ingenieurswese en die Geneeskunde geadverteer, en dan is dit geen ongewone verskynsel as daar geen aansoekers is nie, laat staan nog geskikte aansoekers. Die gevaar is groot dat ons universiteite in die toekoms miskien met swakker kragte sal moet klaarkom, en die vraag ontstaan hoe hulle dan hulle taak na behore sal kan volvoer.

Die universiteite het ook met ernstige finansiële probleme te kampe. In ons land het die universiteite wel private bronne van inkomste, maar dit is op verre na nie voldoende nie, en, onder die toestande wat by ons bestaan en die stelsel wat ons ken, sal hulle inkomste, vir onafsienbare tyd altans, veral van die Staat moet kom. Dit is goed om te weet dat die Staat, soos Sy Edele die

Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap onlangs ook op 'n gradedagplegtigheid van die Universiteit van Suid-Afrika verklaar het, sy verantwoordelikheid terdeë besef, en ons weet ook dat die Staat in die afgelope vyf jaar intensiewe aandag aan die kwessie van universiteitsfinansiering wy.

Daar is egter een vername opsig waarin hierdie probleem vir die universiteite, en inderdaad vir die Staat self ook, makliker gemaak kan word. Die posisie is tans dat geldelike donasies, wat indiwidue en firma's aan universiteite maak, vir die skenker nie van inkomstebelasting vrygestel word nie, en dit wil voorkom of die tyd nou lankal aangebreek het dat hierin 'n verandering aangebring moet word. Die Staat is bevrees dat, as hierdie voorreg vir universiteite toegelaat word, die deur vir allerhande twyfelagtige praktyke mag oop staan en dat, onder die naam van skenkings aan universiteite, gewetelose persone pogings mag aanwend om inkomstebelasting te ontduik. Die Staat vrees ook dat die verlening van hierdie vergunning aan universiteite daartoe kan lei dat daar tal van ander opvoedingsinrigtings sal wees, asook godsdienstige en liefdadigheidsinrigtings, wat op dieselfde voorreg aanspraak sal maak en dat dit oplaas moeilik sal gaan om 'n skeidslyn te trek.

Dit behoort egter nie onmoontlik te wees om die toestand onder beheer te hou nie - soos dit in ander lande wel onder beheer gehou word. In Amerika bv. is skenkings aan universiteite en sekere ander inrigtings vrygestel van inkomstebelasting, en daar is - so ver ek kon uitvind - geen ontstemmende wanpraktyke nie. In die amptelike jaarlikse Regeringsuitgawe, die <u>Federal Tax Guide</u>, word duidelik gesê welke inrigtings in hierdie voorreg deel, en word daar ook neergelê tot watter maksimum bedrag 'n skenker donasies mag maak wat van inkomstebelasting vrygestel word. Ek kan geen rede sien waarom dieselfde beheer nie ook in Suid-Afrika

uitgeoefen ..../18

uitgeoefen kan word nie.

By ons doen die universiteite moeite om hulle eie, private fondse op te bou, maar die mense wat ruime skenkings kan gee, is mense wat superbelasting betaal en vir doeleindes van inkomstebelasting swaar aangeslaan word. Ek het reeds 'n paar keer die ondervinding gehad dat welgestelde mense, goeie vriende van ons universiteite, hulle bereidwilligheid te kenne gee om skenkings vir die hoër onderwys te doen, maar dat hulle tog beswaard voel om vir bv. elke £200 wat hulle aan 'n universiteit gee, terselfdertyd £50 tot £60 aan die Staat af te staan. Solank hierdie posisie bly voortbestaan, sal dit vir ons universiteite baie moeilik gaan om self groot fondse op te bou.

Dit lê op die weg van die Staat om die nodige verandering aan te bring: indien skenkings aan universiteite van inkomstebelasting vrygestel word, sal die universiteite veel groter geldelike steun van die publiek kry, en sal die Staat op die duur ook 'n voordeel daaruit trek wat relatief veel groter sal wees as die bedraggie wat hy aan inkomstebelasting sal prysgee.

Laat ons, onder die baie probleme waarmee ons universiteite te kampe het, nog net één noem. Die Universiteit moet, in die onderwys wat hy gee, in die navorsing wat hy doen en in die mense wat hy vorm, onverskrokke en oortuig wees. Gewapen met sy vryheid en sy eie outonomie, moet hy vreesloos doen wat hy korrek en noodsaaklik ag. Die universiteite kan nie aan die pers, die publiek of die Regering gaan vra wat hulle moet doen, wat hulle moet leer, of wat hulle houding in die een of ander verband moet wees nie. Deur onafhanklike studie en oorspronklike navorsing sal hulle eerder die pers en die publiek en die Regering, wat almal sterk deur gevestigde beskouinge en belange

gebind word, vooruit moet wees.

Dit kan vir die universiteite sekere spanninge teweeg bring. Gelei deur eie ondersoek, mag die universiteite tot bevindings kom wat die pers nie aanstaan nie; hulle mag resultate bereik wat gevestigde beskouinge van die publiek uitdaag; en hulle mag tot gevolgtrekkinge geraak wat die Regering nie goedkeur nie. Sulke spanninge maak die werk van die universiteite nie makliker nie, maar dit is niks buitengewoons nie en is dikwels die noodsaaklike gevolg van die posisie en funksie van die Universiteit in die maatskappy. Dit is immers die taak van die Universiteit en sy mense om in geestelike sake leiding te gee - en om leiding te gee, beteken nie om agteraan te loop nie.

Maar die universiteite sal hulle houding vir hulleself moet kan verantwoord. Gewortel in eie bodem en getrou aan eie volksaard, sal hulle in hulle soek na nuwe waarhede, ernstig, opreg en eerlik moet wees. Hulle strewe sal positief moet wees: om met versigtigheid en omsigtigheid en 'n ernstige verantwoordelikheidsbesef ware leiding te gee; en nie negatief nie: net om gevestigde beskouinge te skok nie. Die eerste kan vir ons nuwe lewenswysheid bring; die tweede kan 'n bydrae tot gaos wees.

Hiermee het ons nou in hooftrekke die taak van die Universiteit gestel en ook 'n aanduiding gegee van vername probleme waarmee hy, in die volvoering van daardie taak, te kampe het. Uit wat gesê is, sal dit duidelik wees dat die Universiteit, veral in ons jong land waar dinge so snel verander en 'n gees van materialisme vandag so 'n geweldige suigkrag gekry het, een van die beste kragte is om geestelike waardes te behou en as bolwerk teen geestelike agteruitgang te dien. Dat ons universiteite in die verlede in hierdie verband groot bates vir ons

land was, ...../20

land was, sal niemand betwyfel nie. Maar ons weet dat die behoud van geestelike waardes vandag 'n groot en ontsettend moeilike taak geword het, en ons besef ook dat daarmee 'n nog groter verantwoordelikheid op ons universiteite geplaas is.

Indien ons universiteite egter voortgaan om met hulle onderwyswerk goed-onderlegde manne en vroue op te lei om die samelewing waarlik te dien; indien hulle met hulle navorsingswerk voortgaan om nuwe waarhede te ontdek wat in die belang, geestelik en materieel, van die samelewing aangewend kan word; en indien hulle met hulle werk van karaktervorming voortgaan om mense te lewer by wie die begeerte brand om bestaande en nuwe kennis waarlik tot voordeel (en nie tot vernietiging nie!) van die samelewing te gebruik - as dit alles deur ons universiteite gedoen kan word, sal hulle ook in die toekoms 'n groot taak kan volvoer. Maar om dit moontlik te maak, sal diegene wat agter die universiteite staan, veral die Staat en die publiek, ruime steun aan die universiteite moet gee en ook vertroue in hulle moet hê. En eindelik sal die studente, wat na die universiteite gaan om van die fasiliteite van die universiteite gebruik te maak, ook moet besef dat hulle 'n kosbare geleentheid kry, wat hulle met albei hande moet aangryp.

As dit alles kan gebeur, sal ons universiteite stellig in hoë mate kan help om ons mense te leer, wat ons in die bekende, kort, eenvoudige woorde kan stel, nl. <u>dat in die lewe die swaarste moet weeg, wat ook werklik die swaarste is</u>.

**********************